# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

25 Oktober 2012

Dagsê Almal

Vol dankbaarheid kan ek weer vanoggend die Here dank vir sy genade. Lucy se John-dre(6) en Jo-anne se Donavan(3) se mangels is verwyder en dit het blykbaar bietjie rof gegaan met mamma en kleintjies. Lucy sê toe die dokter agterna by haar kom in die saal toe lag sy oor John-dre se veglus in die teater. Lucy moes in die teater ingaan om hom tot bedaring te bring voor hy narkose gekry het. Maar dit gaan goed met albei.

Malcolm het werk gekry en Pieter ook, maar net tydelik. Dit gee hul albei bietjie selfvertroue om weer 'n geldjie van hul eie te verdien.

Die informele opleiding van tuisversorgers blyk 'n reuse sukses te wees. Marike van Hospice het hierdie week begin met Paliatiewe (versagtende) versorging en sal vir nog 4 weke daarmee besig wees. Die studente geniet dit en vind dit uiters interessant en leersaam. Baie dankie vir Naas wat die eerste 3 weke noodhulp gedoen het. Hierdie informele opleiding sal weer herhaal word in 2013 en dan sal ons ook weer die formele Nasence kursus aanbied ter wille van die sertifikate. Ons eerste oorhandiging gaan binnekort plaasvind.

Erna het my gevra sy het 'n hangkassie nodig. Op die oomblik is al haar goed in bokse en dis nogal ongemaklik. Baie dankie by voorbaat.

Ek reël 'n afskeid vir die Eljada Huis vir 14 Desember waarna die huis dan vir die mense gesluit gaan wees tot 14 Januarie. Ek sal dit baie waardeer indien 'n gemeente dus vir een gesin kan versorg per week vir 4 weke anders het hulle geen kos om te eet nie. Hulle is almal tans volkome afhanklik van die Eljada Huis. Hier is die gesinne;

- Corlia, Samuel, Su-Marie(18), Tanya(17) en Tom(14) Smith
- Lucy en John-Dre(6) Bouwer en haar ma Lucia woon saam.
- Jo-anne en Donovan(3) Bouwer
- Erna van Niekerk
- Hetty en Roland van Rooyen
- Sonja Bianchina
- Jenny, Lucas, Ingrid(22) en Inge(10) van Vuuren
- Rosa Cooper (ja sy is terug)
- Pieter Koekemoer
- Malcolm Smith
- Danie, Chantelle, seuntjie(3) en baba

Ek is dankbaar vir GK Magalieskruin wat vir 2 mense sal sorg. Dankie Christine en gesin.

Weereens baie dankie vir die geskenkpakkies vir die bejaardes wat ek reeds ontvang het maar ek het nog heelwat meer nodig asseblief. Klein "fees" kospakkies sal ook welkom wees vir hulle.

Weereens het ek die vrymoedig heid om te vra vir die volgende:

Margarien, koffie, suiker, boksmelk, macaroni, blikkies vleis, vis en groente en aanmaak koeldrank. Ek het genoeg toiletware voorlopig.

Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete Annatjie